HOëRSKOOL VOORTREKKER HIGH SCHOOL

✉ 296, BETHLEHEM 9700
e-pos : admin@bvhs.co.za
☎ 058-3034006
058-3037178 / 0866365347

20 Januarie 2012

NUUSBRIEF / NEWS LETTER : 01/2012

Uit die kantoor:

Ek wil ‘n woord van verwelkoming rig tot elke ouer. My bede is dat 2012 ‘n geseënde en voorspoedige jaar vir u elkeen sal wees.

Op sportterrein het die Here ons weer ongelooflik geseën en ons sien uit na die sport en kultuur wat hierdie jaar voorlê.

Die matriekuitslae van die gr. 12 klas van 2011 was weereens baie goed. Baie geluk aan hierdie leerders en hulle ouers. Hulle volgehoue harde werk is beloon en die toekoms lê blink voor hulle. Die akademiese uitdagings is dan ook reeds aan die gr.12-klas van 2012 gerig.

Ons is baie trots op die span onderwysers wat bogenoemde uitslae moontlik gemaak het. Ons is veral trots op die Wiskunde-departement wat die tweede beste uitslae in die Vrystaat behaal het. Daarvoor het die skool R100 000.00 ontvang.

Baie sterkte aan die groep leerders, ouers en onderwysers wat die naweek die gr. 9-kamp gaan bywoon. Ons weet dat julle verryk gaan terugkeer.

Die eerste atletiekbyeenkoms vind op 25 Januarie 2012 plaas en ons nooi u graag uit om die dag saam met ons te geniet en u kind te ondersteun.

U is welkom om enige tyd deur die kantoor met my ‘n afspraak te maak. My deur is altyd oop en ek waardeer enige insette. Binnekort sal ek ‘n e-posadres beskikbaar stel, waardeur u my nog vinniger kan bereik.

BELANGRIK !!! / IMPORTANT !!!

SKOOLTYE / SCHOOL TIMES

Die eerste dag van elke kwartaal begin die skool om 08:30
Maandae: 07:45 – 13:30
Dinsdae tot Donderdae: 07:30 – 13:30
Vrydae: 07:30 - 13:00

MATRIEKS 2011 – TREKKERTROTS!

‘n Besondere eer het Voortrekker vanjaar te beurt geval: afgesien daarvan dat die skool weereens een van die Vrystaat se top 50 skole is en ‘n silwertoekenning vir prestasie behaal het, is Voortrekker ook een van die top 10 skole vir Wiskunde. Hierdie prestasie is met ‘n tjek vir R100 000 deur die onderwysdepartement beloon.

Twee van Voortrekker se ses beste presteerders bevind hulle onder die top 50 leerders in die Vrystaat. Hulle is Lizette Swartzberg (6e) en Mariné Sadie (24e). Albei behaal 7 onderskeidings: Afrikaans Huistaal, English 1st Additional Language, Wiskunde, Fisiese Wetenskappe, Lewenswetenskappe en Lewensoriëntering – Lizette se sewende onderskeiding is vir Rekeningkunde en Mariné s’n vir Aardrykskunde. Die leerder met die meeste onderskeidings is Leon Brits met 8. Afgesien van die ses vakke wat hy met Lizette en Mariné deel, behaal hy ook in Ingenieursgrafika en –ontwerp en Dramatiese Kunste A’s. Voortrekker se 2011-hoofdogter, Alma Naudé, asook Nico Naudé en Chené van Niekerk word beloon met 6 onderskeidings elk. Die res van die gesamentlike oes van 200 A’s is behaal deur nege leerders met 5 elk, ses met 4 elk, sestien met 3, tien met 2 en drie-en-twintig met 1 onderskeiding elk.

Voortrekker herdenk in 2012 sy 110e bestaansjaar en is met reg trots op die 2011-matriekklas wat die tradisie van uitnemende akademiese prestasie voortgesit en daarmee in die feesjaar ‘n uitdaging aan die klas van 2012 gerig het.

VAKONDERSKEIDINGS

AFRIKAANS HUISTAAL	:	13
AFRIKAANS 1ste ADDISIONELE TAAL	:	2
ENGLISH FIRST ADDITIONAL	:	9
LEWENSORIëNTERING	:	57
WISKUNDE	:	12
WISKUNDIGE GELETTERDHEID	:	18
LEWENSWETENSKAPPE	:	25
FISIESE WETENSKAP	:	12
INGENIEURSGRAFIKA & -ONTWERP	:	14
AARDRYKSKUNDE	:	8
REKENINGKUNDE	:	5
BESIGHEIDSTUDIES	:	5
EKONOMIE	:	1
REKENAARTOEPASSINGSTEG. (CAT)	:	7
SUID-SOTHO	:	2
SIVIELE TEGNOLOGIE	:	2

GASVRYHEIDSTUDIES	:	1
DRAMATIESE KUNSTE	:	7
		___
TOTAAL	**:**	**200**

LEERDERONDERSKEIDINGS

1 x 8 Leon Brits

2 x 7 Lizette Swartzberg (6e in Vs), Mariné Sadie (24e in Vs)

3 x 6 Alma Naudé, Nico Naudé, Chené van Niekerk

9 x 5 Azra Bhaiji, Nawaaz Dhamba, Wilma Enslin, Ruan Janse van Rensburg, Marisca Kramer, Madori Mathee, Lourens Muller, Fritz Potgieter, Christelle van Zyl

6 x 4 Joanice Badenhorst, Ashton Blane, Mari Fourie, Poppie Human, Liezl Knobel, Jan Diedeleff van Aswegen

16 x 3

10 x 2

23 x 1

GRAAD 8 KAMP / GRADE 8 CAMP

Graad 8-leerders ontvang vandag briewe vir die graad 8-kamp en alle vorms moet Maandag 23 Januarie ingehandig word.
Grade 8 learners receive information on the grade 8 camp today and all forms must be handed in on Monday 23 January.

KALENDERS/ CALANDERS 2012

Kalenders is beskikbaar by me. Riana Pelser teen R10.00

ATHLETICS DATES

ATHLETICS COLOUR SPORTS

The colour sports will be taking place on 25 January 2012. The learners' month of birth determine the teams they will be in:

MEYER HOUSE (Blue and yellow): January, April, July, October
BOTHA HOUSE (Purple and orange): March, June, September, December
VAN REENEN HOUSE (Red and white): February, May, August, November

Admission is R7.00 per learner and it is payable at the register teacher.

Ander atletiekdatums:

Sirkelbyeenkoms : 1 Februarie 2012
Graanveld : 16 or 17 Februarie 2012. (Wag om datum te bevestig)
Oos-Vrystaat : 3 Maart 2012

ATLETIEKOEFENTYE

Elke Maandag en Woensdag van 16:00 op Goblepark of soos gereël met afrigters.

Leerders moet seker maak dat hulle betyds atletiek– en sportdrag aankoop vir atletiekbyeenkomste. Atletiekdrag sowel as sporthemp en sportbroek te koop by klerebank. Sweetpakke te koop by Le Roy.

OUERVERENIGING

OUERS WAT BELANGSTEL OM MET DIE AKTIWITEITE VAN DIE OUERVERENIGING TE HELP, MOET HULLE NAME ASSEBLIEF BY MNRE. HEIN KNOBEL 083 648 3345 OF ABRIE DU PREEZ 0836406620 OPGEE.

KLEREBANK / UNIFORM SHOP:

Me. Riana Pelser hanteer die klerebank en sal **SLEGS** op die volgende dae en tye beskikbaar wees:
Maandae 07:30 – 14:00, Dinsdag tot Donderdag vanaf 13:30 tot 14:30 EN Vrydae 07:30 – 12:00. ***Ons versoek u om asseblief by hierdie tye te hou.***
Ms Riana Pelser will run the uniform shop and she will be available **ONLY** at the following times: Mondays 07:30 – 14:00, Tuesday to Thursday from 13:30 to 14:30 AND Fridays 07:30 – 12:00. ***We request that you please adhere to these times.***

Science Unlimted se datum verander vanaf 8-9 Maart na <u>6-7 Maart 2012.</u>

MATRIEK – HERNASIEN

U WORD HERINNER DAT DIE FINALE SLUITINGSDATUM VIR DIE MATRIEK HERNASIEN VAN 2011 OP 23 JANUARIE 2012 VOOR 12:00 IS. GEEN LAAT AANSOEKE MAG AANVAAR WORD NIE.

NETBAL

Amoriné Ferreira (Graad 12) het gedurende die Desembe-vakansie aan Die o/21 SA Netbal oefenkamp by High Preformance Centre in Pretoria deelgeneem. Die oefenkamp is ter voorbereiding vir die Netbalwêreldbeker in 2013.

BEDANKING

Liewe ouers en leerders

Baie dankie vir al julle gebede, briefies, blomme en ongelooflike liefde. Ons dien ‘n wonderlike God en my herstel is slegs genade. Weet wanneer julle my sien, dat wonderwerke nog gebeur en dat daar ongelooflike krag in gebed is. Ek is terug en sien so uit om 2012 saam met julle aan te pak.

Me. Maritha vd Berg

KRIEKET

Voortrekker krieketspelers het hulle die afgelope vakansie uitstekend gekwyt van hulle taak. Die volgende leerders het deelgeneem in die Vrystaat Platteland o/15-span: Ammi Pelser en Phillip Maré. Vrystaat Platteland o/17-span: Ruan Kok en Meyer Maré en in die Vrystaat Platteland o/19-span: AJ van Wyk en Junior Smith. Meyer Maré het uitgeblink en is na afloop van die toernooi gekies as lid van die o/17 SA Platteland-span.

LEWENSORIëNTERING / LIFE ORIENTATION

As deel van die Lewensoriënteringsillabus moet ons leerders 'n kursus in noodhulp doen. Mnr. Pieter van Aswegen bied dit jaarliks vir ons leerders hier by die skool aan. Die leerders kry elkeen 'n sertifikaat wat vir drie jaar geldig is. Hierdie sertifikaat is baie nuttig wanneer ons leerders aansoek doen om toelating by ons universiteite – veral vir die keuringskursusse. Ons graad 10-leerders kom gedurende Januarie 2012 aan die beurt (dit is op die almanak aangedui). Elke leerder moet so gou moontlik (voor die einde van Januarie) 'n bedrag van R50 betaal en 'n afskrif van sy/haar ID-dokument, tesame met bewys van betaling by sy/haar **LO-onderwyser** inhandig. (ID-dokument is nodig vir die korrektheid van die sertifikate).

As part of the Life Orientation syllabus the learners must complete a course in first aid. Mr Pieter van Aswegen annually presents this course here at school. Learners are awarded a certificate which is valid for three years. This certificate is of great value when learners apply to enroll at universities, especially regarding selection courses. Grade 10 learners will attend the course during January 2012 (as indicated on the calendar). Each learner must pay R50 (before the end of January) for the course. The receipt, as well as a copy of his/her ID document (for the accuracy of the certificates), must be handed in to his/her **LO-teacher**.

HOKKIE

0/16 HOKKIE PROEWE OP 20 FEBRUARIE 2012.

KULTUUR

Kultuuraktiwiteite vind deurlopend by Voortrekker plaas. Leerders en ouers word per afkondiging, soms skriftelik, asook in die nuutste nuusbrief op hoogte gehou. Opwindende dinge word beplan.

In the first term a concert is planned. Shows take place from 22-27 March 2012.

ATKV-REDENAARS: *Inskrywings sluit op 17 Februarie 2012. Leerders moet voor of op 10 Februarie 2012 by mev. Craven (K4) aanmeld indien hulle wil deelneem. Volledige inligting is ook vanaf vandag by mev. Craven beskikbaar.*

P.O. Box 296
Bethlehem
9700

(Tel) 058 303 4006
(Fax) 058 303 7178

E-mail: admin@bvhs.co.za

BETHLEHEM VOORTREKKER HOëRSKOOL

ONDERSTEUNERSKLUB
KLUB 200

Nuwe Lede

Dit is my voorreg om u hartlik welkom te heet in Trekker-kontrei. Mag u en u kind die wonderlike ervaring hê wat baie al beleef het.

Die ondersteunersklub is daar om fondse te voorsien aan die wat dit dalk nie het nie, want hier mag geen kind nie deelneem nie as gevolg van finansies.

Soos u sal sien, is almal welkom by die klubhuis en nie net dié wat geld geskenk het nie, maar u moet ook onthou dit kos ook geld om dit te bedryf.

Ledegeld is soos volg, met name wat op die bord in die klubhuis vereer word. Dit is 'n eenmalige skenking wat u lewenslank toegang gee.

Ledegeld is as volg:

R 100	- R 5000	Silwer
R 5000	- R 10 000	Goud
R 10 000 +		Platinum

Hiermee aanvaar ek lidmaatskap van die klub.

Naam : _____

Bedrag : _____

Selnommer : _____

NS: Indien u sou belangstel om op die bestuur te dien, waarvan daar 'n voorsitter met vyf lede verkies sal word, meld dit dan ook so aan met die kruisie asb.

Bestuur ☐

Groete en Seënwense vir 2012.
Japie van Wyk Sel : 082 457 2349